Magalieskruin Gemeente

Joycelaan 150
Magalieskruin
Webadres: www.magalieskruin.com

Posbus 13507
Sinoville 0129

Tel: 012 548 1245
Faks: 086 535 4797
E-pos: magaliesklein@telkomsa.net

FAMILIENUUS

Februarie 2018

NUUSBLAD van die Kleingroepe:
NG Gemeente Magalieskruin

KLEINGROEPE: NUUS

►Ons eerste Familienuus vir die jaar… Mag 2018 'n baie gesëende jaar wees! Janine Joubert is vanjaar die Kleingroepkoördineerder. Indien u wil aansluit by 'n kleingroep kan u haar kontak (012-548-1245) of stuur 'n e-pos aan magaliesklein@telkomsa.net.

► **Kleingroepleiersbyeenkoms** – Magalieskruin se Kleingroepbediening nooi jou om op Sondag **25 Februarie 2018** om **10:30** in die jeugsaal bymekaar te kom. Alle kleingroepleiers word gevra om teenwoordig te wees en nuwe lidmate wat deel wil word van die familie, is welkom!!

►Die teeskinkbeurtlys vir 2018 is ge-epos aan die Kleingroepleiers, dankie vir die bevestigings wat reeds ontvang is van julle teeskinkdatums.

►Baie dankie aan ds. Louis Lemmer vir hierdie maand se Bybelstudie.

HOEKOM MOET EK DEEL WEES VAN 'N KLEINGROEP?

Hierdie vraag word nie noodwendig hardop gesê nie, maar elke Christen wonder iewers in hulle lewe hieroor. Ek is mos elke Sondag in die erediens, waarom moet ek nog in 'n selgroep wees en in alle eerlikheid is my program net te vol… Die doel van die kleingroepe kan beskryf word in drie woorde: **behoort, bemagtig, en beweeg.** 'n Kleingroep is 'n plek waar jy bloot net kan behoort. Dit is 'n plek waar ons bemagtig word deur God se Woord en Gees om Jesus beter te leer ken en uit te leef. Kleingroepe behoort ook 'n dinamiese geloofsfamilie te wees wat geroep is om te beweeg na gebroke mense toe met die boodskap van hoop, versoening en liefde. **Begin 2017 op 'n nuwe noot en word deel van 'n kleingroep in Magalieskruin Gemeente.**

PITKOS VIR KLEINGROEPE

DIE VERLOOP VAN DIE BYEENKOMS

DIE GEWONE WEEKLIKSE BYEENKOMS VAN DIE KLEINGROEP

In twee laaste maande van 2017 het ons gefokus op die verloop van 'n tipiese kleingroepbyeenkoms. Ons het genoem dat 'n kleingroepbyeenkoms se program sal **ooreenkom met die spiritualiteit van die gemeente van wie dit deel is**. 'n Sekere groep volg 'n tipiese selgroep program, ander het 'n tradisionele omgeegroep-model en dan is daar groepe wat 'n kontemplatiewe aanslag het. Nogtans is die volgende 'n tipiese verloop van alle soorte kleingroepe soos in vorige twee maande se Pitkos vir Kleingroepe deurgegee. Na 'n periode van aankoms en kuier gaan ons byeenkoms deur vyf elemente gesentreer rondom die Woord. Bestudeer die volgende tabel en probeer die vloei van die byeenkoms te verstaan.

Sosiaal	**Losmaak**	**Aanbid**	**Woord**	**Reageer**	**Vasmaak**
Sosiale Dimensie		Geestelike dimensie		Uitreikdimensie	
Mens tot Mens 30 min	**Mens tot Mens 20 min**	**Mens tot God 10 min**	**God tot Mens 40 min**	**Mens tot God 10 min**	**Mens tot Mens 10 min**
Ons kom aan, ontmoet mekaar en kuier 'n bietjie rondom tee of selfs 'n ete.	Ons begin deur die dag se dinge agter te laat en te fokus op wat voorlê.	Ons betree God se heilige tyd en ruimte in gebed en aanbidding en is gereed vir die Woord.	Ons laat God toe om deur sy Woord met ons te praat Ons bespreek die Woord en verstaan die implikasies.	Ons reageer deur op God se Woord "ja" te sê in gebed. Ons weet nou wat ons te doen staan hierdie week.	Ons deel inligting of reëlings wat betref ons uitreike, beplan ons volgende byeenkoms en sluit weer by die gewone lewe aan.

Die Basiese vloei van die byeenkoms kan dus in drie hoof momente verdeel word:

1) LOSMAAK van die woeilige wêreld en met mekaar sal konnekteer
2) GOD SAL BELEEF deur Sy teenwoordigheid en Woord, om weer te kan
3) VASMAAK aan die gewone lewe, verfris en versterk, en met 'n nuwe besef van missie.

Hierdie drie groot bewegings is waardeur die verstandige leier die groep sal lei. Met dit in gedagte sal elk van die elemente in meer detail bespreek word. Verlede maand het ons in meer diepte gekyk na die tweede Element – LOSMAAK.

Hierdie maand fokus ons op die derde element **AANBID** wat deel vorm van die Geestelike Dimensie.

Detail van die ander elemente sal in die op volgende maande se Familie Nuus verskyn.

1) AANBID – Element 3

Die ysbreek het gehelp dat die groep hul dag se dinge kan agterlaat en hul gedagtes op 'n enkele tema fokus. Nou kan ons voortgaan en God se heilige tyd en ruimte betree. Dit doen ons deur aanbiddingsgebede, musiek, sang of bloot ons gedagtes op God te fokus. Die leier kan die volgende moontlikhede benut of dit in kombinasie gebruik.

Sang Opsies	**Gebed Opsies**	**Stilte Opsies**
Ons kan liedere van lof en aanbidding saam sing aan die hand van begeleiding: kitaar, klavier, klawer-bord, ens. 'n Ervare aanbiddingsleier kan hier 'n wonderlike verskil maak en kan ook die aanbiddings gebede van die lede insluit. **Ons kan saam sing aan die hand van CD's** met aanbiddings musiek – en daaris ook CD's en DVD's wat spesifiek vir hierdie doel gemaak is.	**Ons kan net spontane gebede van aanbidding en oorgawe bid.** Verskeie persone kry geleentheid, of een person bid namens die groep. **Om geskrewe gebede mooi te lees is baie waardevol**, en die lede luister met toe oë en stem in hulle harte saam. Ook 'n psalm (-gedeelte) of ander Skrifdeel kan so gebruik word. **Ons kan 'n gebed saam lees. By sommige gebede is daar 'n respons:** 'n reël, vers of "amen" wat gesamentlik deur die groep gebid word.	Ons kan 'n kers aansteek en in gebed vra dat die Heilige Gees ons gedagtes en gesprek sal kom verlig. Ons kan met geslote oë net na 'n aanbiddingslied luister en die leier dan daarna 'n gebed bid. Die lede kan in stil gebed op God fokus en hom dank, prys en aanbid.

Die leier moet die groep so lei dat ons iets van die Here en Sy heiligdom beleef – hy beplan vooraf wat ons gaan doen, maar is ook oop vir die Heilige Gees se ingewing tydens die byeenkoms.

LET ASSEBLIEF DAAROP dat hierdie tyd NIE VIR VOORBIDDING is nie. Dit gaan nie daaroor om vir almal se behoeftes te bid nie – aanbidding gaan oor fokus op God, oor sy karakter en dade, en oor oorgawe en neerbuig voor Hom.

Die kleingroepleier moet vir die groep lei en leer, veral by wyse van voorbeeld, en ook persoonlik met 'n lid – om mense te laat verstaan wat bedoel word met aanbidding.

Die leier sê duidelik "Kom ons aanbid net die Here vir sy grootheid en goedheid" of "kom ons sê net vir die Here dankie in kort gebede".

Let ook op die verskil tussen die volgende:

- **LOF** is blydskap en vreugde oor wat God gedoen het – Spesifiek die verbale verklaring daarvan: om dit te sê, te bid, te sing, te juig, te jubel. Lof is sigbaar en hoorbaar. In die gemeente sing ons lof op die melodie van vroliker liedere. Lof bring ons in God se teenwoordigheid.
- **AANBIDDING** vind plaas in God se teenwoordigheid. Aanbidding gaan nie soseer oor wat God gedoen het nie, maar oor wie God is. Aanbidding is bewondering en oorgawe. In die byeenkomste sing ons aanbidding op die melodie van rustiger liedere.

As jy 'n sangsessie beplan, kies jou liedere soos volg:

- Kies een of twee lofliedere om mee te begin (liedere wat oor God se lof gaan op 'n meer opgewekte melodie)
- Kies een of twee aanbiddingsliedere wat daarop volg (liedere van oorgawe op 'n stadiger ritme)
- Jy kan dit afwissel met Woord en gebede, maar hou die hele sessie veel korter as in die ere diens
- Jy kan dit ook rondom 'n tema kies- Jesus kom weer, oorwinning, oorlogvoering, geloof, ens.
- Behou en bou die atmosfeer- neem die mense na God toe!
- Ons gebruik NIE die metode om lede liedere te laat "opgee" nie - dit lei nie tot vloei en opbou nie. Die leier beplan die sang en lei die lede in gebed. – dit is 'n bediening in die gemeente en 'n gawe is daarvoor nodig. Liedere "opgee" staan nie noodwendig op 'n gawe in die verband nie.

Let asb. op die volgende belangrike punte:

• As ons gaan sing moet daar woorde verskaf word.
• As ons gaan sing, moet dit "werk" anders doen dit eerder afbreuk en moet ons eerder van die ander (goeie) opsies benut. Sommige druk deur met die singery, maar dit klink maar benoud... Speel dan eerder net die lied!
• Ons laat NOOIT in die ry af bid nie – Dit stel mense in die verleentheid en daar is geen rede waarom ons dit moet doen nie. Vra vooraf iemand of hulle bereid sal wees.
• Om gebede te lees, op te sê of saam te sê is nie minderwaardig aan spontane gebede nie. Die Here het ons so 'n gebed geleer (die Onse Vader) maar ons glo ons is "geesteliker" as dit en gebruik dit glad nie meer nie. Ons het beide nodig en ons mense moet so geleer word. Mooi bundels in die verband bestaan.
• Onthou – doen eerder iets goed vir 'n korter tyd, as om te lank aan te hou met iets wat platval – Tien minute is heeltemal goed vir die meeste groepe (kan ook bietjie langer wees as ons goeie sang het).

Jy kan 'n wonderlike aanbiddingsmoment lei!

2) WOORD – Element 4 (Deel van die Geestelike Dimensie) (WORD IN VOLGENDE MAAND SE PITKOS VIR KLEINGROEPE BESPREEK)

(Die bostaande gedeelte soos verkry vanuit 'n Kleingroep Kursus "Kleingroep Dinamiek) saamgestel deur Jimi le Roux, 'n geordende leraar met ervaring in tradisionele en vernuwingskerke, o.a. as die kleingroep-leier van 'n megakerk in Johannesburg.)

GENEES, GROEI EN DIEN

WEEK 1: 'N WYSE VAN KERKWEES

In ons denke rondom gemeente wees het die Here die afgelope tyd 'n nuwe bedieningsvisie kom vestig. Of kom ons sê eerder, Hy is besig om dit te vestig. **"Genees, Groei en Dien."** Hierdie visie bou voort op ons ou visie wat ons opgeroep het om "liefde vir God en 'n hart vir mense" te hê. En tog is hierdie nuwe visie anders, want dit inspireer ons nie net om 'n ideaal te bereik nie, maar gee ons ook 'n proses hoe ons dit gaan bereik.

Ons wil Genees, ons wil Groei en ons wil Dien. Dit beskryf beide wat ons wil doen en hoe ons wil groei in ons roeping.

Wat beteken dié visie vir ons gemeente, ons kleingroep, ons lewens, ons verhoudings en ons wêreld?

GENEES

Wanneer ons van "Genees" praat dink ons dalk onmiddelik aan genesing van siekte. En tog is genees meer as net genesing van siekte. Genees is heelwording van iets wat skeefgeloop het, seergekry het, stukkend is of swaarkry. Genees is regmaak maar ook aanvaarding. Genees is aktief en passief. Ek is deel van genesing, 'n fasiliteerder van genesing en ontvang ook genesing. Genesing kan fisies, geestelik, emosioneel, verhoudings, materieel en kultureel wees. Jesus het gekom om te genees.

Bespreek:

- Hoekom is genesing belangrik in mense se lewens?
- As ons sê: "Ek is 'n instrument van God se genesing", … wat beteken dit?
- Is ons regtig instrumente van genesing?
    - Nie? Hoe? Meer?

GROEI

Groei impliseer dat daar verandering en positiewe vooruitgang is. Dit is nie bloot om staties te wees of om in stand te hou nie. Ons glo dat God ons lei om te groei, want Hy is op pad met ons. Hy is besig om ons voor te berei vir iets veel groter. Hy is besig om Sy koninkryk te vestig en uit te bou, in ons lewens en deur ons getuienis en voorbeeld. Ons is dus fasiliteerders van die groei wat God bring in hierdie wêreld en in mense se lewens en verhoudings. Maar ons kan slegs groei fasiliteer as ons self groei. Jesus bring groei.

Bespreek:

- Groei julle of stagneer julle? Voel julle dalk julle gaan agteruit?
- Hoe help God ons om te groei?
- Hoe kan ons groei fasiliteer in ons wêreld?

DIEN

Ons dien. Ons dien want God het vir ons die voorbeeld van diens gegee. Ons kan mos nie selfgerig lewe as ons geloof gevestig is in Jesus se selflose offer aan die kruis nie. Diens neem ons oor die grense van gemak, selfsug en selfgerigtheid wat meeste mense se lewens inperk. Dit is juis ons diens, wat elke aspek van ons bestaan moet raak, wat die getuienis word wat die wêreld gaan verander. Jesus het ons geleer hoe om te dien.

Bespreek die volgende stelling:

- "Om te dien is nie aantreklik nie en tog is dit een van die belangrikste geheime van groei."

Lees Matteus 20:20-28

- Jakobus en Johannes se ma weerspiëel 'n optrede wat dikwels in kerke en in die samelewing plaasvind. Sy weet wat reg is maar word deur selfbelang gelei. Hulle twee speel natuurlik saam.
- Wat is die gesindheid en die motivering wat ons optrede moet lei?
- Wat is die prys wat Jesus bereid was om te betaal?
- Wat weet julle uit die geskiedenis van die prys wat Jakobus betaal het? (Google dit!)
- Is jy bereid om dieselfde prys te betaal?
- As jy dan bereid is om te sterf vir God … wat kan jy meer doen terwyl jy vir hom lewe?

GEBED

- Bid dat julle geloof 'n daadwerklike daaglikse impak sal maak.
-

WEEK 2: MY VERHOUDING MET GOD

Hoe raak ons nuwe visie ons benadering ten opsigte van ons verhouding met God?

GENEES:

Daar is soms genesing nodig in ons verhouding met God. Ek het dalk êrens seergekry en is kwaad vir God of hou die Here verantwoordelik vir iets wat met my gebeur het. Ek voel dalk skuldig en sukkel om kontak met God te maak weens 'n skuldgevoel, besef van sonde of 'n gevoel van minderwaardigheid of onsekerheid.

Bespreek:

- Onttrek God van mense? Miskien weens sonde of mislukkings in hulle lewens?
- Wat veroorsaak skade in mense se verhouding met God?
- Hoe kan ons genesing kry binne hierdie sake?

GROEI:

God wil graag hê dat ons moet groei in ons kennis van, en verhouding met hom.
Hoe groei ons in ons verhouding met God?

- Deel praktiese aksie stappe met mekaar wat julle help om te groei in julle verhouding met God.
- Hoe kan julle hierdie jaar mekaar help om te groei?
- Wil julle 'n ooreenkoms aangaan om mekaar te help?

DIEN:
Hoe dien ons God?

Lees Romeine 12:11-12

- Wat beteken die oproep om die Here te dien?
- Hoe kan ons vandag God dien?
- Wat is die gesindheid waarmee ons God moet dien?

GEBED

- Bid vir mekaar oor sake wat uitgekom het in julle gesprek.
- Vra die Here om julle te help om te groei in julle verhouding met hom.

WEEK 3: EK EN MYSELF

Ons nuwe visie het ook direkte impak op my denke oor myself.

GENEES

Die lewe laat soms sy merke op ons. Selfs as gelowiges is ek nie immuun teen fisiese, emosionele of geestelike skade nie. Of dit van buite af kom en of ek self verantwoordelikheid moet neem, dit raak my. God wil graag hê dat elkeen heel moet wees en wil ons help in hierdie genesingsproses. Hy laat my nie alleen nie en staan my by.

Maar ek self is ook 'n kanaal van God se genesing vir ander. Die Here gebruik my in ander mense se lewens en ander mense in my lewe.

Lees Psalm 103

- Lees weer vers 13 twee keer hardop.
- Wat hoor julle?

Bespreek:

- Kan julle eerlik met mekaar wees oor gebeure of persone wat julle met skade gelaat het?
- Kan julle mekaar help om genesing te kry?
- Praat oor begrippe soos vergifnes en liefde en wat dit beteken in hierdie omstandighede.

GROEI

Hoekom is jy hier op aarde? Is dit net sodat jy tot geloof kan kom en dan eendag kan hemel toe gaan? Sekerlik nie! God gebruik my aardse lewe as 'n tyd van groei om my 'n beter mens te maak volgens Sy plan vir my lewe. Die Pottebakker is besig om my te vorm in voorbereiding vir my ewige bestaan en die rol wat ek in Sy koninkryk sal speel. Mits ek Hom toelaat …

Bespreek:

- Watter skade doen ons aan onsself as ons nie die geleenthede vir groei aangryp wat God vir ons gee nie?
- Julle het vroeër gepraat oor die seerkry wat julle beleef het. Hoe groei 'n mens verby hierdie seerkry sodat jy nie vashaak in die negatiewe nie, maar sterker word en vooruit gaan?

DIEN

Dienskneg! Dit is wie jy is. Dit is die voorbeeld wat Jesus vir ons stel. Anders as wat die wêreld ons wil vertel is om 'n dienskneg te wees nie sleg, minderwaardig of negatief nie. Inteendeel, dit is waarskynlik die wyse waarop ons die grootste impak in hierdie wêreld kan maak. Maar dit is moeilik en vra dat ek baie van my voorkeure en gemak opsy moet sit.

Bespreek:

- Deel met mekaar plekke waar God van julle persoonlik vra om te dien.
- Slaag julle daarin en hoe kan julle dit beter doen?
- Deel met mekaar wat julle geleer en beleef het in sulke omstandighede.

GEBED

- Bid vir mekaar.
- Bid vir vergifnes en genesing.
- Bid dat God ons ons oë sal oopmaak vir geleenthede om te dien en ons sal help om die krag van oortuiging te hê om die geleenthede aan te gryp.

WEEK 4: VERHOUDINGS MET ANDER

Hoe help die visie ons in ons verhoudings met ander mense?

GENEES:

Om in verhouding met ander mense te leef beteken soms dat ons seerkry. Niemand van ons is volmaak nie en daarom is daar soms konflik, teleurstelling en pyn. Nie alle mense is eerlik of betroubaar nie. Ons kry soms seer en skade deur ander mense se optrede, gesindheid en weens die gevolge van hulle dade. Hierdie seerkry het die vermoë om van ons siniese, bitter, harde en selfs eensame mense te maak.

Bespreek:

- Wat is die gevolge en gevare van haat, woede en bitterheid in verhoudings?

- "Die sleutels wat God vir ons gee in hierdie situasie is liefde en vergifnis."
- Wat beteken vergifnis en hoe vergewe 'n mens?

GROEI:

Ons moet groei in ons verhoudings met ander mense. Dit beteken dat ons tyd moet spandeer met mense en moet belê in ons verhoudings. Een van die grootste uitdagings van ons tyd is die isolasie wat gevoed word deur besige programme, hoë mure en tegnologie wat ons aandag aftrek.

Die gemeente is meer as 'n vergadering van mense wat op Sondae toevallig na dieselfde preek kom luister. 'n Gemeente is 'n geestelike familie wat 'n band met mekaar het. Ons moet groei in hierdie verhoudings. Dit kan alleen gebeur as ons na mekaar uitreik, tyd saam spandeer, mekaar leer ken en mekaar leer liefkry. 'n Kleingroep is die ideale geleentheid.

Ons verhoudings moet ook gebasseer word op die waardes wat van God af kom.

Lees Efesiërs 4:25 - 5:5

- Maak 'n lys van waardes wat ons verhoudings met ander mense moet rig.

Bespreek:

- Hoekom is verhoudings so belangrik?
- Wat breek ons verhoudings af en hoe kan ons dit voorkom?
- Hoe kan ons ons verhoudings versterk?

DIEN:

Lees Galasiërs 5:13

- "Ons moet mekaar in liefde dien." – Wat beteken dit?
- Dit klink asof sommige van hierdie mense aan wie die brief gerig was die teenoorgestelde gedoen het. Hulle het nie mekaar gedien nie, maar mekaar verskeur.
- Hoe kan ons "mekaar dien" in die kleingroep?
- Hoe dien jy tans binne die gemeente? Moet jy dalk meer betrokke raak?

Uitdaging: Maak die "dien" prakties!

GEBED

- Bid vir mekaar
- Bid vir jou geestelike familie in die gemeente

WEEK 5: SKEPPING

GENEES:

Die aarde is siek. Dit is ons fout en ook ons verantwoordelikheid. Maar meer as dit, dit is ook ons probleem, want ons is deel van die skepping en is afhanklik van die skepping. God beloof egter dat Hy ‘n herstelplan het vir Sy skepping. As die Here se gestuurdes het ons daarom ook ‘n verantwoordelikheid teenoor die skepping en wil God ons gebruik as deel van sy plan om die skepping te genees.

Lees Romeine 8:19-23

- Baie van ons dink nog dat die skepping soortvan gaan verdwyn as die Here weer kom. Ons het ‘n “hemel blindheid” in ons teologiese denke. Het julle al ooit daaraan gedink dat God dieselfde belofte van bevryding van sonde aan sy ganse skepping gee, as wat hy aan die mensdom gee? God gee nie op op Sy skepping nie, en fokus nie eksklusief op die mensdom in sy verlossingsplan nie.
- Hoe “sug” die skepping in ons tyd? Wat is die simptome?
- Wat is die invloed van hierdie simptome op ons as mense?

GROEI:

Wanneer dit by die skepping kom moet die meeste groei waarskynlik by onsself plaasvind. Ons moet onsself skool en bewus maak van ons impak en ons verantwoordelikheid. Ons moet ook groei in ons verstaan van hoe ons ‘n verskil kan maak.

Droogte is tans geweldig in die fokus. Dit is te verstane. Almal word opgeroep om te bid dat dit sal reën. Dit is goed en reg. Iemand vertel egter die ware verhaal van ‘n bekende predikant wat tot inkeer gekom het oor sy eie en sy gemeenskap se verantwoordelikheid. Vir jare het hierdie plattelandse landbou gemeenskap gebuk gegaan onder droogtes en die gevolglike swaarkry van misoeste en ekonomiese swaarkry. Elke keer is die kerkmense opgeroep om te “bid vir reën.” Soms het dit gewerk en ander kere nie.

Toe praat die Here op ‘n besondere manier met die dominee. Hy gaan toe na sy gemeenskap en sê: “Ons moet ophou bid en bloot vra, Here gee ons meer reën. Ons moet begin bid en vra, Here help ons om met groter wysheid en verantwoordelikheid om te gaan met die reën wat u vir ons gee.” Hierdie gebed het die gemeenskap se siening en optrede verander en

'n radikale impak gehad op die gemeenskap se vermoë en uiteindelik hulle welstand.

Bespreek:

- In Kaapstad het ongeveer 60% van mense geweier om by die voorgeskrewe water gebruik te bly, wat sou help om die waterkrisis af te weer. Hoekom dink julle is dit die geval? Selfsug?
- Die mensdom is tans besig om op die harde manier te leer dat ons baie afhanklik van die welstand van die skepping is. Droogtes, storms, siektes, aardverwarming, besoedeling, ens.
    - Dink julle die mensdom gaan die les leer?
    - Watter les kan julle daaruit leer?

DIEN:

Hoe kan ons God se skepping dien?

- Wat kan ons by ons werk doen?
- Wat kan ons by ons huis doen?
- Wat kan ons in ons gemeenskap doen?
- Wat kan ons by die kerk doen?

GEBED:

- Bid vir reen, ons het dit nodig.
- Bid dat ons groter waardering sal hê vir die reen wat God stuur en sal leer om dit verantwoordelik te benut.
- Bid dat ons sal leer om met groter verantwoordelikheid met God se skepping om te gaan.